Ontmoeting 5

Anna

Kinders leer oor die storie van Anna

Teks: Lukas 2:36–38
Hulpmiddels:

- Malvalekkers
- Pretzels
- Papiersakkies, kryte, plakkers, ens.
- Kers
- Sandboks met karakters soos benodig
- Afdrukke van Anna en die baba

Welkom

Malvalekker speletjie: Elke kind kry ŉ malvalekker. As hulle vir 5 minute kan sit sonder om dit te eet, kry hulle nog een. Hoe het dit gevoel om te wag? Was dit maklik om nie jou malvalekker te eet nie?
of
Wag speletjie: (Die tyd wat die kind moet wag, kan aangepas word volgens ouderdom.) Staan op een been vir 40 sekondes. Hou jou arms in die lug vir 40 sekondes. Hoe het dit gevoel om te wag? Kon jy so lank uithou?

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

Het jy al gewag vir iets wat jy baie graag wil hê? Sukkel jy om te wag vir jou verjaarsdag of Kersfees om jou geskenke oop te maak? Vandag gaan ons ŉ storie hoor van ŉ vrou wat baie lank gewag het vir ŉ baie spesiale geskenk. Sy was ook ŉ profeet. Weet julle wat ons ŉ vrou noem wat ŉ profeet is? Ja, ŉ profetes. Kom ons luister na die verhaal.
Lukas 2: 36–38: "Josef en Maria het die kindjie Jesus na die tempel gebring. By die tempel was ŉ vrou met die naam Anna. Sy was ŉ profetes. Anna was al baie oud, maar sy was elke dag by die tempel. Sy het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. Anna was as jong vrou 7 jaar lank getroud, na haar man se dood het sy ŉ weduwee gebly. Anna was nou al vier en tagtig jaar oud. Toe Maria en Josef die Kindjie na die tempel gebring het, was Anna ook daar. Sy het God gedank vir die Kindjie en oor Jesus gepraat met almal wat geweet het dat God Jerusalem wil vrymaak, almal wat daarvoor gewag het."
Soos ons vandag gehoor het uit Anna se storie, was sy al oud toe sy die grootste geskenk ooit gekry het. Sy het volhard en biddend gewag. God beantwoord gebede; dalk nie altyd soos ons dit wil hê of verwag nie, maar altyd op sy tyd. Soms moet ons langer wag en soms gebeur dit op ŉ heel ander manier. Hy weet wat die beste is vir ons. Ons moet volhard in gebed.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe Anna gevoel het toe sy vir Jesus gesien het.
2. Ek wonder of jy so lank sal kan wag.
3. Ek wonder waarvoor moes jy al lank wag.



Werskaf

- Maak Anna met arms om die baba vas te hou.
- Sakkie vol pretzels: Gee vir elkeen 'n papiersakkie om te versier. Sit die pretzels binne-in die sakkie.

DIE BOODSKAP VAN GEBEDS-PRETZELS:

'n Monnik het in 610 nC 'n "snack" ontwerp om kinders te beloon wat hul gebede geleer het (soos dit daardie tyd die gebruik in die kerk was). Hierdie slim monnik het die deeg gevorm dat dit lyk soos arms wat in gebed gevou is. (Christene het in daardie tyd gebid deur hulle arms te kruis en met elke hand op die teenoorgestelde skouer vas te hou.) Hierdie "snacks" is "Pretiolas" genoem wat "klein beloninkies" beteken.

Sluit af met die seënbede

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën;
En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.



Sny 'n gleuf bokant Anna se moue en hande. Steek dan die Baba deur die gleufie sodat sy Hom kan "vashou".